UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

SENIOR STUDENTE - REGISTRASIE 2019

Hierdie kennisgewing word aan alle studente wat in 2018 ingeskrewe studente was gestuur, ongeag of hulle weer in 2019 gaan registreer, al dan nie, en of hulle hertoelating tot studie in 2019 het, al dan nie.

1. **REGISTRASIE**

14 – 31 Jan Self-registrasie (e-Registrasie)	Senior studente kan die registrasie in NARGA vermy deur hulleself te registreer. Enige rekenaar wat internettoegang het, is voldoende. Vir seniors wat nie toegang tot 'n rekenaar het nie, word daar spesiaal 'n rekenaarlokaal op die Stellenboschkampus vir dié doel beskikbaar gestel. Hierdie rekenaarlokaal in die Neelsie Studentesentrum sal vanaf **21 tot 31 Jan, 08:00-16:00 (uitgesluit 26 en 27 Januarie)**, beskikbaar wees, met beamptes wat hulp kan verleen **LW:** 1. Indien studente nie van self-registrasie (e-registrasie) gebruik maak nie, moet die normale registrasieprogram in NARGA gevolg word. 2. Modulewysigings ná registrasie moet self gedoen word mbv die e-registrasie-program op my.sun.ac.za 3. Studente wat ná afloop van die normale NARGA-registrasie op 31 Januarie nog nie geregistreer is nie, sal onderhewig wees aan die betaling van 'n laat-registrasieheffing van R500,00.
29 – 31 Jan NARGA-Registrasie	Studente wat nie self geregistreer het nie, registreer soos volg: **Senior voor- en nagraadse studente** op die Stellenboschkampus registreer ingevolge die registrasieskedule verder aan in hierdie kennisgewing in die Natuurweten-skappe-rekenaargebruikersarea (NARGA) in Administrasiegebou Blok A. **Let wel**: Dit is belangrik dat jy nie moet versuim om te registreer nie, al twyfel jy oor die modules wat jy wil neem, aangesien modulewysigings later, indien nodig, tot en met **15 Februarie 2019** aangebring kan word. **Studente wat nie self geregistreer het nie, sal nie toegelaat word om buite hulle aangeduide fakulteitsgleuwe op die registrasieskedule verder aan in hierdie dokument te registreer nie.**
1 Feb Modulewysigings – slegs spesifieke fakulteite	Studente in die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe - wat ná selfregistrasie, of NARGA-registrasie, modules wil verander - kry 'n spesiale geleentheid om dit op **Vrydag 1 Februarie** tussen 08:00 en 12:00 in NARGA te laat doen, vóór die klasse op **Maandag 4 Februarie** begin.
1 - 15 Feb **LAATREGISTRASIE** R500 HEFFING	Senior voorgraadse en honneursstudente wat nie tot en met **Donderdag 31 Januarie** in hulle fakulteitspesifieke NARGA-tydgleuwe geregistreer het nie, sal toegelaat word om enige tyd ná hulle geskeduleerde tydgleuf tot **Vrydag 15 Februarie** tydens gewone kantoorure by hulle betrokke Fakulteitsbeampte in

	Administrasiegebou Blok A te registreer, mits betyds met klasbywoning begin is en met betaling van ’n **R500 laat-registrasieheffing**.

2. **NIE–SUID-AFRIKAANSE BURGERS**

Alle studente wat nie SA-burgers is nie, moet by registrasie as student óf ’n permanente verblyfpermit óf ’n studiepermit, wat reeds vooraf van die Departement Binnelandse Sake verkry is, toon. Die permit moet geldig wees vir 2019. Indien jy nie die permit kan toon nie, sal jy nie toegelaat word om te registreer nie.

3. **UITSTAANDE DOKUMENTE**

Studente wat nog nie hulle toelatingsbewyse (oorspronklike Senior Sertifikaat en/of sertifikate van ander opvoedkundige instansies) getoon het nie, sal alleen toegelaat word om te registreer indien hulle vóór of by registrasie hulle **oorspronklike** toelatingsbewyse wat nog uitstaande is, voorlê.

4. **MAGISTER- EN DOKTORALE STUDENTE**

Magister- en doktorale studente moet elke jaar vir die volle tydperk van hulle studie, totdat die betrokke graad toegeken word, as student registreer en kan tot en met **31 Januarie** registreer. Registrasie kan persoonlik, per pos of deur middel van selfregistrasie geskied. Diegene wat per pos registreer, word versoek om die betrokke vorm(s), wat aan alle magister- en doktorale studente, wat reeds minstens een jaar vir die betrokke program geregistreer was, per e-pos gestuur word, in te vul en terug te stuur. Studente wat persoonlik kom registreer, moet dit doen ingevolge die registrasieskedule verder aan in hierdie dokument.
Nuwe 100% tesis Magister- en Doktorale studente kan tot **29 Maart 2019** registreer.

5. **LAASTE DAG VIR WYSIGING VAN MODULES**

Modulewysigings kan tot **15 Februarie 2019** plaasvind. Enige modulewysiging na dié datum, waarvoor toestemming by die betrokke Fakulteitsbeampte verkry word, sal met ’n R100 heffing gepaard gaan. Kyk ook punt 7 (Bewys van registrasie) in dié verband. **Let ook op die spesiale geleentheid vir modulewysigings** in sekere fakulteite, vóór die klasse op **Maandag 4 Februarie** begin, by punt 1 hierbo.

6. **GELDE BETAALBAAR BY REGISTRASIE**

Kyk die ingeslote kennisgewing vir gelde wat by registrasie betaalbaar is. ’n Besoek aan die kassiere tydens registrasie kan vermy word, deur die verskuldigde gelde vooraf in die Universiteit se bankrekening te deponeer.

7. **BEWYS VAN REGISTRASIE**

Elke student ontvang tydens die registrasieproses ’n gedrukte bewys van registrasie, wat die program en modules waarvoor geregistreer is, aandui. Studente wat van die e-registrasieproses gebruik maak, moet die bewys van registrasie uitdruk vanuit die studenteportaal, my.sun.ac.za Maak asseblief seker dat jy die dokument deeglik lees, aangesien dit belangrike inligting bevat. Indien foute ten opsigte van die geregistreerde program en/of modules daarop voorkom, moet dit vóór of op **Vrydag 15 Februarie** in die Studenteportaal, my.sun.ac.za, of by die betrokke Fakulteitsbeampte, Administrasiegebou Blok A, reggestel word.

8. **STUDENTEKAART**

Indien jy nog jou studentekaart van 2018 het en voortgaan om dit te gebruik, hoef jy dit nie te laat aktiveer vir 2019 nie, aangesien dit outomaties geaktiveer word nadat jy vir 2019 geregistreer het en die eerste paaiement van jou gelde vir die jaar betaal het. Indien jy nie meer oor jou studentekaart van 2018 beskik nie, of graag ’n nuwe kaart met ’n nuwe foto wil hê, moet jy soos volg te werk gaan:

<u>Vervanging van studentekaart</u>

14 Jan – 5 Feb, in die Neelsie Studentesentrum

6 Feb en later, in Administrasiegebou Blok A, IT Hub

Let asseblief op die belangrike waarskuwing oor misbruik van die studentekaart in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk oor Toelating en Registrasie, paragraaf 4.2.3.

9. VOLDOENING AAN MODULEVEREISTES

Studente moet tydens en na registrasie en ook aan die begin van die tweede semester seker maak dat hulle aan alle slaag-, voor- en newevereistes vir die betrokke modules wat hulle volg, voldoen. Volledige inligting hieroor is in die fakulteitsjaarboeke beskikbaar.

10. KLAS-, TOETS- EN EKSAMENROOSTERS

Die klas-, toets- en eksamenroosters is slegs vanaf die Universiteit se webbladsy in die studenteportaal - my.sun.ac.za - beskikbaar. 'n Spesiale pamflet met inligting oor hoe om dit te verkry sal voor en tydens die registrasieprogram by die Inligtingstoonbank in Administrasiegebou Blok A beskikbaar wees. Maak asseblief seker dat jy 'n pamflet kry en bepaal dan jou klasrooster so lank as moontlik voor **Maandag 4 Februarie**, die dag wat die klasse begin.

11. AANHOU VAN MOTORVOERTUIG OP STELLENBOSCH

Indien jy met 'n privaat motorvoertuig op Universiteitsgronde wil parkeer, moet sodanige voertuig elektronies by die aangewese Universiteitsafdeling geregistreer wees. Sien die webblad by http://www.sun.ac.za/mobiliteit-parkering vir volledige inligting i.v.m. vervoer, parkering, voorskrifte en die hantering van oortredings.

12. SMOUSERY OF DIE UITDEEL VAN ADVERTENSIEMATERIAAL

Geen smousery of die uitdeel van advertensiemateriaal sal gedurende die registrasietydperk in die onmiddellike omgewing van Administrasiegebou Blok A toegelaat word nie.

JG du Toit
n **DIE REGISTRATEUR** Desember 2018

NARGA
REGISTRASIEPROGRAM 2019
SENIOR STUDENTE

DINSDAGMIDDAG 29 JANUARIE

Ingenieurswese Studente moet gebruik maak van e-Registrasie. Slegs studente met probleme sal tydens hierdie tydgleuf in NARGA geregistreer word.	14:00 – 15:00
Regsgeleerdheid LLB, LLM, LLD, Nagraadse Diplomas	14:00 – 15:00
Lettere en Sosiale Wetenskappe BA (Regsgeleerdheid)	14:00 – 15:00
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe BCom (Regsgeleerdheid), BRekLLB	14:00 – 15:00
Teologie BTh (ingeslote VGP); BDiv, MDiv; MTh; MPhil; PhD; Nagraadse Diplomas	14:00 – 15:00

WOENSDAGOGGEND 30 JANUARIE

Lettere en Sosiale Wetenskappe	
BA (Geesteswetenskappe) (Vanne A – M)	08:00 – 09:00
BA (Geesteswetenskappe) (Vanne N – Z)	09:00 – 10:00
BA (Sosiale Dinamika) (Vanne A – M)	08:00 – 09:00
BA (Sosiale Dinamika) (Vanne N – Z)	09:00 – 10:00
BA (Taal en Kultuur) (Vanne A – M)	08:00 – 09:00
BA (Taal en Kultuur) (Vanne N – Z)	09:00 – 10:00
BA (Sosio-Informatika) (Vanne A – M)	08:00 – 09:00
BA (Sosio-Informatika) (Vanne N – Z)	09:00 – 10:00
BA (Ontwikkeling en Omgew) (Vanne A – M)	08:00 – 09:00
BA (Ontwikkeling en Omgew) (Vanne N – Z)	09:00 – 10:00
BA (Pol, Filos en Ekon Studie) (PPE) (A – M)	08:00 – 10:00
BA (Pol, Filos en Ekon Studie) (PPE) (N – Z)	09:00 – 10:00
B in Maatskaplike Werk	09:45 – 10:30
BA (Internasionale Studie)	09:45 – 10:30
BA (Menslike Hulpbronbestuur)	09:45 – 10:30
Alle Hons-, M- en PhD-programme	09:45 – 10:30
Nagraadse Diplomas	09:45 – 10:30
Musiek (A – H)	08:00 – 09:00
Musiek (I – R)	09:00 – 10:00
Musiek (S – Z)	10:00 – 11:00
BA (Sportwetenskap)	10:00 – 10:30
BA in Visuele Kunste	11:00 – 12:00
BA (Drama- en Teaterstudie)	11:30 – 12:00
LW: Dieselfde tydgleuwe geld vir VGP-studente.	

WOENSDAGMIDDAG 30 JANUARIE

Opvoedkunde	
NOS	14:00 - 15:30
GevDipl	14:00 - 15:30
BEd (Algemene Onderwys)	14:00 - 15:30
Alle ander nagraadse programme	14:00 - 15:30
Agriwetenskappe	
BScAgric (alle programme en VGP)	14:00 - 15:30
BSc in Voedselwetenskap (alle programme)	14:00 - 15:30
BAgricAdmin	14:00 - 15:30
Alle Nagraadse Diplomas en Hons-, M- en PhD-programme in Landbou	14:00 - 15:30
BSc in Bosbou (Bosbou- en Houtwetenskappe) en VGP; Hons-, M- en PhD-programme in Bosbou	14:00 - 15:30
BSc in Bewaringsekologie	14:00 - 15:30

DONDERDAGOGGEND 31 JANUARIE

Ekonomiese en Bestuurs-Wetenskappe	
BRekeningkunde	08:00 - 09:30
BCom (Bestuursrek, Fin Rek)	08:00 - 09:30
BCom, BCom (Akt Wet, Bedryfsielkunde, Bestuurswet, Ekon Wet, Internasionale Besigheid, Wisk Wet)	09:00 - 11:30
Alle Nagraadse Diplomas en Hons-, M- en PhD-programme	10:00 - 11:30

DONDERDAGMIDDAG 31 JANUARIE

Natuurwetenskappe	
BSc (alle programme en VGP) (vanne A - I)	14:00 - 14:30
BSc (alle programme en VGP) (vanne J - R)	14:30 - 15:00
BSc (alle programme en VGP) (vanne S - Z)	15:00 - 16:00
Hons-, M- en PhD-programme	14:00 - 15:00